WELKOM YIZANI

WELKOM YIZANI BELEGGINGS (RF) BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 2006/021434/06)
(WY)

STAKING VAN VERHANDELING EN NUWE WELKOM YIZANI-VERHANDELINGSPLATFORM

Soos u weet het die Registrateur van Sekuriteitedienste voorheen versoek dat Welkom Yizani sy sake in ooreenstemming bring met die Wet op Finansiële Markte van 2012 (die FM-wet). In ooreenstemming met hierdie riglyn sal Welkom Yizani se aandele genoteer word op die beurs wat deur Equity Express Securities Exchange Eiendoms Beperk (**EESE**) bedryf word. EESE is 'n gelisensieerde beurs wat ingevolge die FM-wet gemagtig is om sodanig op te tree.

Aandeelhouers sal nie tussen **09:00** op **19 November 2018** en **17:00** op **22 November 2018** Welkom Yizani-aandele kan koop of verkoop nie. Dit is om die notering van die Welkom Yizani-aandele wat tans verhandel op die toonbankgrondslag-verhandelingsplatform (**OTC-verhandelingsplatform**) wat deur Singular Systems Eiendoms Beperk geadministreer word op die beurs wat deur EESE bedryf word, te fasiliteer.

Vanaf **09:00** op **23 November 2018** sal die Welkom Yizani-aandele op EESE genoteer wees en aandeelhouers sal hulle aandele deur EESE verhandel. Die verhandelingsproses op die EESE-beurs sal in 'n groot mate ooreenstem met verhandeling op die huidige OTC-verhandelingsplatform.

a) Indien u die Welkom Yizani-inbelsentrum gebruik om u aandele te koop of verkoop, sal dit nie verander nie – u sal steeds dieselfde inbelsentrum by 0860 12 12 24 gebruik.

b) Indien u die webwerf gebruik om aandele te koop of verkoop, sal u vanaf die Welkom Yizani-webwerf, www.welkomyizani.co.za, toegang tot die EESE-verhandelingsplatform kan verkry, of u kan direk na die EESE-webwerf, www.eese.co.za, toe gaan.

c) Indien u die Welkom Yizani-instapsentrum gebruik om u aandele te koop of verkoop, sal dit nie verander nie – u kan steeds na dieselfde adres by Scottstraat 25, Waverley, Johannesburg toe gaan.

Om verhandeling te hervat in WY-aandele wat op EESE genoteer is, moet u egter onder andere EESE se bepalings en voorwaardes aanvaar en 'n makelaarmandaat met Singular sluit.

Vir meer inligting oor die notering op EESE, raadpleeg asseblief die noteringsomsendbrief op die Welkom Yizani-webwerf: www.welkomyizani.co.za. U kan ook 'n afskrif van die noteringsomsendbrief verkry deur die Welkom Yizani-inbelsentrum by 0860 12 12 24 te skakel, of ons instapsentrum by Scottstraat 25, Waverley, Johannesburg te besoek.

Kaapstad
9 November 2018

Oordragsekretaris en administrateurs
Singular Services Eiendoms Beperk
(Registrasienommer 2002/001492/07)
Scottstraat 25, Waverley, Johannesburg 2090
(Posbus 1266, Bramley 2018)

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40
Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

ince